- Moet goeie verdedigingstegnieke hê
- Moet oor die volgende skopvaardighede beskik nl. lynskoppe, grondskoppe en kortskoppe

**Aanval:**

- Moet goed onder druk kan hanteer
- Moet goeie oordeel openbaar
- Moet spelers om hom kan laat speel
- Moet gevaarlik wees
- Moet vinnig wees
- Moet druk op teenstanders uitoefen wanneer hy die bal dra
- Moet opponente kan klop met sy voete (hardloopvaardighede)
- Moet kan reguit maak
- Moet op sy voete kan bly om tweede fase bal te verseker

**Verdediging:**

- Moet kan druk uitoefen
- Moet besonder goed van voor en van die kant af kan verdedig
- Moet opponente kan "lees"
- Moet 'n hoë werkverrigting openbaar in die sin van "wat maak hy" nadat sy direkte opponent uitgegee het

**Primêre vereistes:**

- Goeie balverspreiding
- Goeie verdediging
- Druk toepas
- Moet gevaarlik wees
- Kies kombinasies om mekaar aan te vul

**(d) Losskakel****Besondere eienskappe:**

- Hy is 'n generaal, hy neem die besluite
- Uitstekende hanteringsvaardighede
- Vinnige reaksies
- Goed met albei voete kan skop
- Aanvoeling en oordeel is van kardinale belang
- Die nodige opsies evalueer en daarvolgens speel of laat speel
- Spel kan dikteer/stempel afdruk op 'n wedstryd
- Die gang van die wedstryd word deur hom bepaal

**Vaardighede:**

- Moet oor besondere goeie hanteringsvaardighede beskik soos vinnige uitgee, oorslaan, kortskêr en sny-aangee, en behoort enige bal te kan vang
- Moet oor 'n goeie systap beskik
- Moet oor 'n goeie vaartversnelling beskik
- Moet kan pypkan
- Moet op sy voete kan bly
- Moet uitstekend kan skop onder druk
- Moet skoppe soos lynskoppe, hangskoppe, rolskoppe, grondskoppe, kortskoppe en skepskoppe kan waarneem .
- Moet 'n goeie verdediger wees van voor- en van die kant af.

**Aanval:**

- Moet 'n planmaker wees
- Moet die situasie goed kan lees (deur òf self te speel òf te láát speel)
- Moet sy spel afwissel ten opsigte van diepte en wydte
- Moet aanvallend kan skop, hetsy rol-, grond- of dwarsskoppe
- Moet aanvallend wees/gaping kan vat
- Moet gevaarlik wees met die bal in sy hande
- Moet goeie kommunikasie met sy skrumskakel openbaar

Sy oordeel is van kardinale belang bv.

- \* Wánnéer op te skop, hoé en wáárheen
- \* Wááneer om te breek, wat daarná en hoé
- \* Om te láát speel: wíé wánnéer en hoé
- \* Sy kommunikasie met sy agterspelers oor watter taktiese beweging wánnéer en wáár gedoen moet word!!!

**Verdediging:**

- Moet van voor-, kant- en agteraf kan verdedig
- Moet goed onder druk kan speel
- Moet groot druk op sy opponente uitoefen
- Moet 'n hoë werkverrigting handhaaf op kruis- en dekverdediging
- Moet sy eie agterlyn op die verdediging kan organiseer

**Primêre eienskappe:**

- Uitstaande hanteerder wees
- Goed kan skop
- Die spel kan dikteer en "lees" (oordeel)

**(e) Die skrumskakel****Besondere eienskappe:**

- Goeie, vinnige, lang en akkurate aangeë na albei kante van die grond af as uit die na albei kante van die grond af as uit die lug uit (lynstane en losgemale)
- Moet sterk en vinnig wees
- Moet goeie oordeel hê
- Moet goed kan skop
- Moet goed met sy agsteman kan saamspeel
- Moet goed met sy losskakel kan kommunikeer

**Vaardigheid:**

- Moet besonder vinnig en akkuraat kan aangee
- Moet die bal na albei kante kan draai met sy torpedo aangee
- Moet die bal ewe goed van die grond af as uit die lug kan speel
- Moet goed kan systap
- Moet goed kan pypkan
- Moet vinnig kan skop
- Moet die volgende skoppe met goeie oordeel en akkuraatheid kan doen:
  - ❖ Rolskoppe
  - ❖ hangskop
  - ❖ Lynskoppe
  - ❖ Kortskoppe
  - ❖ Grondskoppe
- Moet goeie verdedigingstegnieke hê om van voor- en van die kant af te kan verdedig

**(e) Die skrumskakel****Aanval:**

- Hy moet sy spanmaats laat speel
- Hy moet effektief en met die regte bal kan breek
- Hy moet sy voerspelers oor die voordeellyn kan laat speel
- Hy moet vinnig en sterk wees
- Hy moet op sy voete kan bly en die bal beskikbaar stel
- Hy moet sy breekslae varieer bv. naby en wyd
- Hy moet geleenthede kan raaksien

**Verdediging:**

- Moet oor 'n goeie verdedigingstegniek beskik om opponente van vooraf, van die kant af en van agter af te verdedig
- Moet sterk wees
- Moet die bal kan smoor en wen

**Skrums:**

- Hy moet groot druk op sy direkte opponent kan plaas
- Hy moet die opponente se no 8 kan smoor
- Moet goeie druk op die opponente se losskakel kan plaas nadat sy opponent van die bal ontslae geraak het
- Indien die opponente na hul vaskopkant toe beweeg moet hy betrokke by die verdedigingspatroon bly

**Lynstane:**

- Hy moet enige voorspeler kan verdedig wat om die lynstaan mag bars
- Hy moet dekverdediging agter sy agterlyn doen
- Hy moet grondskoppe en kortskop op verdediging deur of oor sy agterlynspelers kan skop
- Moet enige opponent kan stuit wat deur sy agterlynspelers mag kom

**Primêre vereistes:**

- Moet vinnig en akkuraat na albei kante kan uitgee
- Moet oor vinnige reaksies beskik
- Moet goed kan skop (veral regs)
- Moet goed kan verdedig
- Goeie oordeel is 'n vereiste

**(f) Voorrye****Besondere eienskappe:****Die loskop:**

- Moet oor sterk stootkrag beskik
- Moet oor sterk armkrag beskik (bindkrag)
- Moet goed ondersteun in die lynstaan
- Moet nie lank wees nie (kort en stewig)
- Moet goeie hanteringsvaardighede hê
- Moet voor in die lynstaan staan om sy gespesialiseerde werk goed te kan doen

**Vasskop:**

- Moet oor sterk stootkrag beskik
- Moet oor sterk armkrag beskik
- Moet goed in die lynstane kan ondersteun
- Moet 'n aggressiewe skrummer wees
- Moet druk in die skrum kan verwerk
- Moet op no 3 staan in die lynstaan om die meer gespesialiseerde ondersteuningswerk goed te kan doen

**Vaardighede:**

- 'n Voorry moet oor baie krag beskik soos stootkrag (sterk bene) bindkrag (sterkarms)
- Moet die regte skrumtegniek toepas bv.
  - ❖ Stewige voetplasing (gebalanseerd en uitmekaar)
  - ❖ Liggaamsposisie
  - ❖ Boude effens laer as die skouers
  - ❖ Boude reg agter die skouers
  - ❖ Reguit rug
  - ❖ 'n Opwaartse en reguit vorentoe stoot
- Die loskop is 'n "fetcher" by lynstane en moet dus balle goed van die grond af kan optel asook geklapte balle beveilig
- Maak seker dat elke voorry sy gespesialiseerde werk goed kan doen/het hy genoeg vaardigheid daarvoor

**Aanval:**

- Aggressiewe skrumvermoë
- Dominansie in sy posisie
- Goeie ondersteuning by lynstane en om balle te beveilig
- Beweeglikheid vir dryfspel
- Goeie ondersteuning in maalbewegings
- Aggressiewe dryf wanneer hy aansluit by losspelesituasies

**Verdediging:**

- Goeie ondersteuning by in- en afskoppe
- Druk vorentoe in skrum, lynstane en losskrums om aanvallers se momentum te neutraliseer
- Vinnige reaksies om naby te kan verdedig

**Primêre vereistes:**

- Krag
- Aggressie
- Ondersteuning
- Goeie skrumtegniek
- Toepassing van druk asook die verwerking van druk

**Sekondêre vereistes:**

- Beweeglikheid
- Balvaardigheid
- Soepelheid
- Verdedigingstegniek

**(g) Die haker****Besondere vereistes:**

- Goeie skrumkrag
- Goeie bindkrag
- Vinnige haakvoet
- Akkurate ingooie in die lynstaan
- Goeie verdedigingstegnieke
- Moet vinnige reaksies hê

**Vaardighede:**

- Moet oor goeie hanteringsvaardighede beskik soos vang en aangee
- Alle dryfaangeë, om balle van die grond af op te tel en om balle goed te kan vang
- Akkurate beheer met ingooie in die lynstaan
- Goeie systap
- Goeie verdedigingstegniek van vooraf

**Aanval:**

- Moet die bal kan hanteer en lewendig hou
- Moet sterk in dryfbewegings wees (moet betrokke wees)
- Moet goed kan ondersteun
- Moet 'n groot betrokkeheid in alle spelfasette toon

**Verdediging:**

- Moet goed kan skrum saam met sy voorrye
- Moet goed van vooraf kan verdedig
- Moet die voorkant van 'n lynstaan goed kan beskerm
- Moet druk op die opposisie skrum- en losskakel plaas vanaf die lynstaan

**Primêre vereistes:**

- Moet goed kan haak
- Moet goed en stewig kan skrum
- Moet goed in die lynstane kan ingooi
- Moet goed kan verdedig

**(h) Flanke****Besondere eienskappe:**

- Wen en behou van balbesit
- Spoed na afbreekpunte
- Goeie balbeheer
- Goeie verdediging
- Aggressiewe benadering
- Voorgevoel en oordeel
- Hoë werksvermoë (fiksheid)

**Vaardighede:**

- Moet goed kan dryf (liggaamsposisie en balbeheer)
- Moet oor 'n verskeidenheid van aangeë beskik
- Moet balle goed kan vang en aangee
- Moet balle goed van die grond af kan speel
- Moet die bal in druksituasies goed kan beskerm
- Moet goed kan systap, afstamp, pypkan en my sy vaart kan speel
- Moet goed kan verdedig (tegniek)
- Moet hoë bal goed kan hanteer by lynstane en afskoppe
- Moet oor goeie skrumtegniek beskik (soos korrekte liggaamsposisie, voetposisie, bind, ens)

**Aanval:**

- Moet vinnig, groot en sterk wees
- Moet goed kan hanteer
  - ❖ Soos om balle beskikbaar te stel
  - ❖ Te wen op grond
  - ❖ Moet sterk kan dryf met korrekte liggaamsposisie
- Moet kontinuïteit verseker deur
  - ❖ Op sy voete te bly
  - ❖ Bal beskikbaar te stel
  - ❖ Goed te kan ondersteun
  - ❖ 'n Hoë werkverrigting te openbaar
  - ❖ Goeie oordeel hê
- Moet "gevaarlik" wees
- Moet 'n goeie skakel wees tussen voor- en agterspelers (maw weet wánnéer om sélf te speel óf te láát speel en wíé)
- Vaart en volgehoue spoed na die losbal
- Goeie ondersteuning in die lynstaan

**Verdediging:**

- Moet oor die regte tegniek beskik
- Die loskopflank moet goed van naby en van vooraf kan verdedig
- Die vaskopflank moet weer goed van die kant en van verder af kan verdedig
- Die loskop moet vinnig van die merk af wees
- Die vasskop moet vinniger wees oor 'n langer afstand
- Albei moet oor goeie voorgevoel beskik by dekverdediging
- Die vasskopflank moet 'n faktor agter in die lynstane wees om opponente se balle af te neem en om druk op hulle te plaas
- Moet goed kan skrum
- Goeie verdediging in die lynstane self
- Moet weet wat sy taak is vanaf elke faset

**Primêre vereistes:**

- Wen en behou van balbesit
- Herwin van balbesit
- Goeie verdediging
- Moet kan druk toepas
- Vinnig en sterk wees

**(i) Slotte****Besondere eienskappe:**

- Moet oor lengte en springvermoë beskik
- Moet sterk wees om in die skrum te kan stoot en 'n stewige kern te vorm
- Moet goeie balbeheer hê met een en twee hande
- Moet 'n bal goed uit die lug kan vang by in- en afskoppe
- Moet 'n dinamiese rol speel by dryfbewegings bv.
  - ❖ Hard en aggressief te dryf
  - ❖ Balbesit te verseker

**Vaardighede:**

- Moet goeie veerkrag hê om goed te kan spring in die lynstane
- Moet oor baie beenkrag beskik om in die skrum goed te kan stoot
- Moet oor besondere balvaardighede beskik soos om 'n bal in die lug te beheer by inskoppe en afskoppe, die vang en beheer by lynstane
- Moet oor die nodige aangeë in dryfbewegings beskik om besit en kontinuïteit te verseker

- Moet kan deflekter (is dit beheerd)

#### **Aanval:**

- Moet besit kan wen en verseker
- Moet hard en sterk kan dryf
- Moet vinnig by die afbreekpunte kan kom om sy gewig ens. te laat geld
- Moet sy opponente se balle kan vat
- Sy ondersteuning moet goed wees

#### **Verdediging:**

- Moet druk uitoefen vanaf in- en afskoppe
- Moet oor 'n goeie verdedigingstegniek beskik
- Moet sorg dat daar nie in lynstane by hom deurgebreek word nie
- Moet gedurende verdedigende losgemale en losskrums sterk wees

#### **Primêre vereistes:**

- Moet besit kan wen in die lynstane
- Moet in die skrums kan stoot
- Moet dinamies by in- en afskoppe wees
- Moet lank, groot en sterk wees
- Sterkste slot skrum regs
- Spring hy op 2 of op 4 beskik hy oor die nodige eienskappe vir 2 of 4
- Die fisiese sterk slot spring op twee

#### **Sekondêre eienskappe:**

- Besondere dryfspelvaardighede
- Verdedigingsvaardighede
- Spoed
- Werksverrigting, ens
- Die man met die sterkste elmboog wen altyd die bal (dubbelstamp)

#### **(j) Agsteman**

#### **Besondere vereistes:**

- Spoed
- Balvaardigheid
- Voorgevoel en antisipasie is van kardinale belang
- Oordeel
- Samespel met skrumskakel
- Goeie verdediger
- Slim wees
- Kommunikasievermoë
- Hoë werksvermoë (fiksheid)

#### **Vaardighede:**

- Moet oor baie vaart beskik
- Moet oor goeie hanteringsvaardighede beskik
- Moet balbesit kan behou en verseker
- Moet oor al die nodige aangeë in dryfspel beskik
- Moet 'n bal goed uit die lug kan vang, van die grond af kan optel en goeie aangeë kan doen
- Moet kan spring in die lynstaan
- Moet goed van voor-, van agter- en van die kant af kan verdedig

#### **Aanval:**

- Moet met sy skrumskakel kan saamspeel om dryfbewegings te begin en om goeie besit aan hom te verseker
- Moet eerste by afbreekpunte kom om balbesit te verseker of om kontinuïteit te verseker
- Moet goed kan dryf
- Moet goeie oordeel hê om te weet wanneer om self te speel en wanneer om te laat speel
- Vang en deflekter van balle by lynstane en by in- en afskoppe
- Het spring en stootkrag nodig
- Moet oor goeie hardloopvaardighede beskik
- Moet beweeglik en vinnig wees

**Verdediging:**

- Moet van voor- van agter- en van die kant af kan verdedig
- Moet groot druk op agterspelers kan plaas vanaf lynstane
- Moet goeie kruis- en dekverdediging kan toepas vanaf skrumms (goeie aanvoeling)
- Moet die bal smoor met sy verdediging
- Moet opponente se bal agter in die lynstaan wen
- Moet naby en ook ver van fasette kan verdedig
- Moet 'n goeie voorgevoel en antisipasie hê

**Primêre vereistes:**

- Moet oor goeie hanteringsvaardighede beskik
- Moet spoed en stamina hê
- Moet goed kan verdedig
- Moet kan kombineer met sy skrumskakel
- Moet 'n hoë werkverrigting hê
- Moet goeie dekvermoë hê

## 10. REGULASIES

### BLOU BULLE LAERSKOLE RUGBYVERENIGING

#### 1. BESWARE

- 1.1 Besware moet aangeteken word soos in Artikel 14 van die Grondwet omskrywe.
- 1.2 Skriftelike besware teen die gedrag van 'n onderwyser/afrigter moet eerstens by die hoof van die skool of voorsitter van die skoleklub aangemeld word. Daarna mag 'n hoof/voorsitter of 'n lid van die Bestuur die klagte by die UB indien.
- 1.3 Besware teen die gedrag van leerders moet eerstens by die hoof van die betrokke inrigting of voorsitter van die skoleklub geopper word. Waar verdere besware aangeteken word, kan die prosedure van Artikel 14 van die Grondwet gevolg word.
- 1.4 Die Uitvoerende Bestuur (UB) het die mag om oor alle besware onder hul jurisdiksie finale en afdoende beslissings te gee.
- 1.5 Die betrokke skool of skoleklub en die betrokke onderwyser/afrigter/leerder sal van die beslissing in kennisgestel word.
- 1.6 Besware moet binne **vier** (4) dae skriftelik aangeteken word.

#### 2 WEDSTRYDE

##### 2.1 Ligas

- 2.1.1 Elke Streek besluit aan watter ligas, soos deur UB goedgekeur, hulle gaan deelneem.
- 2.1.2 Elke skool en skoleklub skryf na goeddunke in vir ligas van die Streek, en **ligawedstryde** mag **slegs** op **Dinsdae** en **Donderdae** geskied.
- 2.1.3 Die Voorsitter van 'n streek is, in samewerking met die Sekretaris verantwoordelik vir die ligabepalings van sy Streek. Die Streekbestuur is verder verantwoordelik om saam met die skole in sy Streek, die skole in Bonde in te deel aan die hand van die neergelegde kriteria.
- 2.1.4 Sekreterisse ontvang alle uitslae van liga-wedstryde in sy Streek. Uitslae moet deur die betrokke skeidsregter met sy handtekening bevestig word.
- 2.1.5 Geen skool of skoleklub mag aan 'n liga deelneem, voordat sy Affilasie- en Inskrywingsvorme en -gelde deur die Streeksvoorsitter ontvang is nie.
- 2.1.6 Skole en skoleklubs moet vir 'n A-liga inskryf voordat vir 'n B-liga ingeskryf mag word. Indien die reël oortree word sal die oortredende spanne hulle liga punte verloor.
- 2.1.7 Ligas eindig, as 'n wenner en 'n naaswenner vir elke liga in 'n Bond bepaal is.
- 2.1.8 Wedstryde word met nr. 4 balle gespeel en volgens die Laerskool reëls soos deur SARU neergelê.
- 2.1.9 Indien 'n skool 30 minute nadat die eerste wedstryd moes begin, nie opgedaag het nie, word al die wedstryde afgestel met die tuisspan wat die volle punte daaruit kry.
- 2.1.10 Geen speler mag vir 'beide 'n B – en A- span in die beginspan speel nie, tensy die speler as 'n reserwe in die A-span wedstryd sou opkom.
- 2.1.11 Ligapuntstelsel:  
 Uitslae van wedstryde in die liga moet as volg hanteer word om ligawenners te bepaal.  
 Wen                      4 punte  
 Gelykop                2 punte  
 Verloor                0 punte (Behalwe as bonuspunte verdien is)  
  
 4 drieë en meer in 'n wedstryd - 1 bonuspunt  
 Verloor met 5 punte of minder - 1 bonuspunt

By verdere gelykop uitslae geld regulasie 2.1.11

Wanneer 'n span om een of ander rede nie 'n ligabepaling kan nakom nie, verbeur hy alle punte en die ander span kry 5 punte per afgestelde wedstryd.

**Wedstryde word outomaties beeindig wanneer die punteverskil 40 punte is tussen die twee spanne.**

- 2.1.12 Alle uitspeelwedstryde word op 'n uitklopbasis beslis. Spanne wat gelykop in 'n **liga** eindig, nadat punt 2.1.11 toegepas is, word as volg hanteer om 'n wenner te bepaal.
- Slegs die wedstryd uitslag van die spanne wat hulle onderling teen mekaar behaal het word in ag geneem.
  - Indien een (1) van die twee (2) spanne die onderlinge ligawedstryd gewen het, is die wenspan die ligawenner.
  - Indien die twee (2) spanne se onderlinge wedstryd gelykop geëindig het, word dieselfde beginsel as in (b) genoem, op die twee spanne toegepas, deur te kyk na die span wat derde (3) in die liga geëindig het, ens.
  - Indien al die uitslae dieselfde is vir albei spanne, word die wenner bepaal deur loting.

### 2.1.13 Vuilspel – Rooikaarte

Indien 'n speler vir welke rede 'n Rooikaart ontvang moet 'n verslag van die insident aan die BBLRV-Dagbestuur gestuur word. Die Tugkomitee van die BBRU sal dan die saak op meriete hanteer en sanksie sal dan diensooreenkomstig geskied.

## 2.2 Uitspeelwedstryde

2.2.1 Bondspanne wat tydens die uitspeelwedstryde in die verskillende ouderdomsgroepe (Onder 9 tot Onder 13) speel.

- a) **Aantal spanne per Bond**
- |          |                         |
|----------|-------------------------|
| MAKRO    | 4 spanne                |
| A - BOND | 4 spanne                |
| B - BOND | 4 spanne                |
| C - BOND | 4 spanne                |
| D - BOND | 2 spanne (Slegs finaal) |

- b) **Uitspeelwedstryde - Onder 9 tot 13**

### **Eerste rondte**

#### **i) MAKRO SKOLE**

#### **Onder 9**

|       |            |           |    |    |
|-------|------------|-----------|----|----|
| 13:50 | Wedstryd 1 | Wenner M1 | vs | M4 |
| 13:50 | Wedstryd 2 | M2        | vs | M3 |

#### **Onder 10**

|       |            |           |    |    |
|-------|------------|-----------|----|----|
| 14:40 | Wedstryd 1 | Wenner M1 | vs | M4 |
| 14:40 | Wedstryd 2 | M2        | vs | M3 |

#### **Onder 11**

|       |            |           |    |    |
|-------|------------|-----------|----|----|
| 15:30 | Wedstryd 1 | Wenner M1 | vs | M4 |
| 15:30 | Wedstryd 2 | M2        | vs | M3 |

#### **Onder 13**

|       |            |           |    |    |
|-------|------------|-----------|----|----|
| 16:20 | Wedstryd 1 | Wenner M1 | vs | M4 |
| 16:20 | Wedstryd 2 | M2        | vs | M3 |

#### **ii) A – Bond**

#### **Onder 9**

|       |            |           |    |               |
|-------|------------|-----------|----|---------------|
| 13:50 | Wedstryd 1 | Wenner A1 | vs | Naaswenner A2 |
| 13:50 | Wedstryd 2 | Wenner A2 | vs | Naaswenner A1 |

Onder 10

|       |            |           |    |               |
|-------|------------|-----------|----|---------------|
| 14:40 | Wedstryd 1 | Wenner A1 | vs | Naaswenner A2 |
| 14:40 | Wedstryd 2 | Wenner A2 | vs | Naaswenner A1 |

Onder 11

|       |            |           |    |               |
|-------|------------|-----------|----|---------------|
| 15:30 | Wedstryd 1 | Wenner A1 | vs | Naaswenner A2 |
| 15:30 | Wedstryd 2 | Wenner A2 | vs | Naaswenner A1 |

Onder 13

|       |            |           |    |               |
|-------|------------|-----------|----|---------------|
| 16:20 | Wedstryd 1 | Wenner A1 | vs | Naaswenner A2 |
| 16:20 | Wedstryd 2 | Wenner A2 | vs | Naaswenner A1 |

iii) **B – Bond**Onder 9

|       |             |    |    |    |
|-------|-------------|----|----|----|
| 13:50 | Wedstryd 1: | B1 | vs | B4 |
| 13:50 | Wedstryd 2: | B2 | vs | B3 |

Onder 10

|       |             |    |    |    |
|-------|-------------|----|----|----|
| 14:40 | Wedstryd 1: | B1 | vs | B4 |
| 14:40 | Wedstryd 2: | B2 | vs | B3 |

ii) **B – Bond**Onder 11

|       |             |    |    |    |
|-------|-------------|----|----|----|
| 15:30 | Wedstryd 1: | B1 | vs | B4 |
| 15:30 | Wedstryd 2: | B2 | vs | B3 |

Onder 13

|       |             |    |    |    |
|-------|-------------|----|----|----|
| 16:20 | Wedstryd 1: | B1 | vs | B4 |
| 16:20 | Wedstryd 2: | B2 | vs | B3 |

iii) **C - Bond**Onder 9

|       |             |           |    |               |
|-------|-------------|-----------|----|---------------|
| 13:50 | Wedstryd 1: | Wenner C1 | vs | Naaswenner C2 |
| 13:50 | Wedstryd 2: | Wenner C2 | vs | Naaswenner C1 |

Onder 10

|       |             |           |    |               |
|-------|-------------|-----------|----|---------------|
| 14:40 | Wedstryd 1: | Wenner C1 | vs | Naaswenner C2 |
| 14:40 | Wedstryd 2: | Wenner C2 | vs | Naaswenner C1 |

Onder 11

|       |             |           |    |               |
|-------|-------------|-----------|----|---------------|
| 15:30 | Wedstryd 1: | Wenner C1 | vs | Naaswenner C2 |
| 15:30 | Wedstryd 2: | Wenner C2 | vs | Naaswenner C1 |

Onder 13

|       |             |           |    |               |
|-------|-------------|-----------|----|---------------|
| 16:20 | Wedstryd 1: | Wenner C1 | vs | Naaswenner C2 |
| 16:20 | Wedstryd 2: | Wenner C2 | vs | Naaswenner C1 |

**Tweede rondte (FINAAL)**i) **MAKRO SKOLE FINAAL**Onder 9

|       |             |          |    |                         |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|
| 13:50 | Wedstryd 3: | Wenner 1 | vs | Wenner 2 (bepaal 1 & 2) |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|

Onder 10

|       |             |          |    |                         |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|
| 14:40 | Wedstryd 3: | Wenner 1 | vs | Wenner 2 (bepaal 1 & 2) |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|

Onder 11

|       |             |          |    |                         |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|
| 15:30 | Wedstryd 3: | Wenner 1 | vs | Wenner 2 (bepaal 1 & 2) |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|

Onder 13

|       |             |          |    |                         |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|
| 16:30 | Wedstryd 3: | Wenner 1 | vs | Wenner 2 (bepaal 1 & 2) |
|-------|-------------|----------|----|-------------------------|

**ii) A-Bond**

Onder 9

13:50 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (bepaal 1 & 2)

Onder 10

14:40 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (bepaal 1 & 2)

Onder 11

15:30 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (bepaal 1 & 2)

Onder 13

16:30 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (bepaal 1 & 2)

**ii) B-Bond (Finaal)**

Onder 9

13:50 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

Onder 10

14:40 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

Onder 11

15:30 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

Onder 13

16:30 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

**iii) C-Bond (Finaal)**

Onder 9

13:50 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

Onder 10

14:40 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

Onder 11

15:30 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

Onder 13

16:20 Wedstryd 3: Wenner 1 vs Wenner 2 (Bepaal 1&2)

**iv) D – Bond (finaal)**

Onder 9

13:50 Wedstryd 1: Wenner D1 vs Wenner D2

Onder 10

14:40 Wedstryd 1: Wenner D1 vs Wenner D2

Onder 11

15:30 Wedstryd 1: Wenner D1 vs Wenner D2

Onder 13

16:30 Wedstryd 1: Wenner D1 vs Wenner D2

2.2.2 Die UB sal alle aanstellings van skeidsregters vir uitspeelwedstryde op advies van die skeidsregterskomitee maak.

2.2.3 Alle uitspeelwedstryde moet sover as moontlik op standaard-rugbyvelde gespeel word.

**1.2.4 Gelykop wedstryde(uitspele) sal met 10 minute addisionele tyd beslis word, behalwe in 'n finaal waar die eindtelling die uitslag sal wees. Wedstryde(uitspele) wat dan nog gelykop is, sal soos volg beslis word:**

- a) Die span wat die **meeste drieë** aangeteken het, wen.
- b) Die span wat **laaste punte** aangeteken het, wen.
- c) Indien geen span punte aangeteken het nie, deur **loting**.

## 2.3 Ouderdomme van spelers

- 2.3.1 Artikel 17 van die Grondwet bepaal dat die ouderdomme van spelers bepaal word deur 'n speler se jaar van geboorte.
- 2.3.2 Geen speler mag in 'n liga speel as hy te oud is vir die liga nie.
- 2.3.3 SA Rugby se Regulasie by "school age-banding" sê dit dat 'n speler slegs 1 jaar op mag speel en nie 2 jaar nie. Volgens die punt kan 'n speler meer as 1 jaar op speel indien sy skool nie 'n liga in sy ouderdom ingeskryf het nie. Dws 'n o.9 speler kan dan vir 'n o.11 span speel. Die reëling oor dat 'n ouer toestemming mag gee dat sy kind aan 'n hoër liga mag speel dra geen gewig nie want in SA Rugby se regulasie oor Age-banding word nêrens genoem dat 'n ouer toestemming mag gee nie.
- 2.3.4 Spanne wat hierdie regulasies oortree sal outomaties alle ligapunte verbeur wat hulle verwerf het tot en met die oortreding. Die skool wat die oortreding gepleeg het, verbeur al sy seisoenkaartjies vir die daaropvolgende seisoen.

## 2.4 Registrasie

- 2.4.1 Algemeen
- Elke skool moet jaarliks alle spelers as 'n groslys (SPAN REGISTRASIEVORM) binne 'n bepaalde liga registreer deur die speler se van, name, geboortedatum en BLOU BULLE SPELER REGISTRASIEVORM te verstrek. Die betrokke afrigter moet sertifiseer dat die geboortedatum teen die speler se geboortesertifikaat gekontroleer is en die hoof van die skool moet met sy handtekening bevestig dat die afrigter aan hom bevestig het dat die geboortesertifikaat soos hierbo genoem, gekontroleer is en dat die gegewens in alle opsigte korrek is.
- Alle nuwe seuns wat na registrasie bykom as speler, om watter rede ookal, moet ook by die Streekbestuur op dieselfde wyse as in punt (a) genoem, geregistreer word voordat hy aan 'n wedstryd kan deelneem.
  - Verder moet alle spelers wat aan die ligas van die BBLRV deelneem, in besit van 'n Blou Bul Speler Registrasievorm wees. Geen speler mag aan enige liga / uitspeelwedstryd / proewe deelneem as hy nie oor 'n Blou Bul Spelersvorm beskik nie. Spelersvorm is vir 5 jaar geldig.
  - Voor ligawedstryde kontroleer die twee afrigters die kaarte teenoor die seuns. Die skeidsregter van die betrokke wedstryd sien toe dat die kontrole wel gedoen word.
  - Voor uitspeelwedstryde kontroleer die veldkoördineerder die kaarte teenoor die seuns.
  - Geldige dokumentasie vir 2025 seisoen sal die Blou Bul SPELER REGISTRASIEVORM wees.
- 2.4.2 Administrasie
- Spelers doen aansoek op die voorgeskrewe aansoekvorm om as speler by 'n spesifieke skool geregistreer te word. Dit sluit ook spelers in wat by 'n skool is, waar nie rugby gespeel word nie. Sulke spelers moet geregistreer word vir die rugbyseisoen by die skool waar hulle wil speel. Die Beheerliggaam van die skool, waar sulke spelers aansoek doen om te speel, asook die Beheerliggaam van sulke spelers se eie skole, moet eers toestemming verleen aan sulke spelers, alvorens hulle kan registreer. 'n Registrasiefooi kan gehef word.

## 2.5 Vriendskaplike wedstryde

- 2.5.1 Vriendskaplike wedstryde tussen skole wat albei lede van hierdie Vereniging is, is toelaatbaar en word onderling gereël op dae wat nie met liga-wedstryde bots nie.
- 2.5.2 Wedstryde teen skole wat lid is van 'n ander vereniging, soortgelyk aan hierdie Vereniging, maar in 'n ander geografiese gebied, is toelaatbaar, maar moet in oorleg met die sekretaris van hierdie Vereniging gereël word.
- 2.5.3 Wedstryde teen ander skole is nie toelaatbaar sonder raadpleging en goedkeuring van die UB nie.

## 2.6 Drag

- 2.6.1 Spelers se drag word bepaal deur Artikel 21 van die Grondwet. Daarvolgens word die kleren en kleure deur die skool self bepaal en deur die Bestuur goedgekeur.
- 2.6.2 Die Bestuur deleger hierdie goedkeuring aan Streekbestuur, tensy 'n dispuut met die Streekbestuur ontstaan.

## 3. KLEURE (Blou Bul)

### 3.1 Beamptes

'n Sakwapen met die Unie se embleem met die woorde BBRU (Bestuur, Skeidsregters, Afrigters en Spanbestuurder).

#### 3.1.1 Voorsitter

Kwalifiseer - sodra verkies.

#### 3.1.2 Afrigters en Ondersteuningspan: Cravenweek- span

Kwalifiseer – Lede wat betrokke is by die Blou Bulle Cravenweekspan kom onmiddellik in aanmerking.

#### 3.1.3 Bestuurslede.

Kwalifiseer - Lede wat reeds drie (3) jaar gedien het, ontvang kleure met die goedkeuring van die Dagbestuur van die Vereniging.

#### 3.2.4 Skeidsregters

Vereistes om amptelike Blou Bulle Laerskole Rugby Vereniging - Skeidsregter/Referee Baadjie/Sakwapen/Kleure te ontvang

'n Totaal van 200 punte moet bymekaar gemaak word op enige van die volgende:

| Week/Wedstryd                      | Blaas/AR | Punte       |
|------------------------------------|----------|-------------|
| Optree tydens Cravenweek:          | Blaas    | Kwalifiseer |
| Cravenweek                         | AR       | 100         |
| Nasionale week (0/12, XV-Tal, 7's) | Blaas    | 100         |
| Nasionale week                     | AR       | 50          |
| o/13 Provinsiale wedstryd          | Blaas    | 40          |
| o/13 Provinsiale wedstryd          | AR       | 20          |
| o/12 Provinsiale wedstryd          | Blaas    | 40          |
| XV Tal wedstryd                    | Blaas    | 40          |
| 7's Provinsiale wedstryd           | Blaas    | 10          |
| 7's Provinsiale wedstryd           | AR       | 5           |
| Bloubul finaal wedstryde           | Blaas    | 10          |
| Bloubul finaal wedstryde           | AR       | 5           |
| o/13 Bondedag wedstryd             | Blaas    | 5           |
| Cluster/Wyk spanne wedstryd        | Blaas    | 5           |
| IPT's Provinsiale wedstryd         | Blaas    | 5           |
| Bokkieweek wedstryd                | Blaas    | 5           |

Punte kan slegs bymekaar gemaak word as die aanstelling deur SARPSRA of BBLRSV gemaak

Artikel 7 van die BBRU se reëls oor informele kleren lees as volg

- 3.2.1 Kennis moet geneem word dat enige informele klerasie met die BBM logo, Madeliefie /Bulletjie daarop, eerstens deur die BBRU Kleure- en Emblemekomitee goedgekeur moet word voordat 'n bestelling geplaas kan word.

Dit sluit die volgende in:

- Sweetpakke
- Windbrekers
- Gholphemde
- T-hemde
- Pette
- Enige ander ontspanningsdrag

- 3.2.2 Alle aansoeke om kleurgeregtigheid moet gerig word aan die Voorsitter, Kleure- en Emblemekomitee. (Doen dit deur die Dagbestuur van die BBLRV).

- 3.3.3 Die Kleure- en Emblemekomitee bestaan uit die Dagbestuur van die Unie.

- 3.3.4 Logos van borge mag slegs met toestemming van Dagbestuur aangebring word saam met enige van genoemde amptelike logos soos in 3.3.1 genoem.

#### 4. NOODHULP

- 4.1 Die hoof of sy gevolmagtigde van die tuisskool is verantwoordelik om toe te sien dat toereikende noodhulpdienste by alle wedstryde beskikbaar is. (Hoof moet sorg dat bewyse ingedien is vir die kwalifikasie van die Noodhulpdiensverskaffer)

- 4.2 Die volgende minimum vereistes soos deur **BOKSMART** word vereis:

- 4.2.1 'n Gekwalifiseerde noodhulp persoon
- 4.2.2 Toegang tot 'n ambulans (tel no's en toegang tot veld)
- 4.2.3 Toegang tot 'n telefoon of selfoon (in noodhulpkissie/sak)
- 4.2.4 'n Spinaalbord met toebehore
- 4.2.5 Noodhulpkissie/sak met die volgende bybehore:
  - a. Spalke
  - b. Nekstut en kopstutte
  - c. Verbande
  - d. Antiseptiese middels
  - e. Ys en water

- 4.3 *Skeidsregters moet toesien dat wedstryde nie mag plaasvind as daar nie noodhulp is nie.***

#### 5. PROVINSIALE SPANNE

##### 5.1 Keurkomitee

- 5.1.1 Die Keurkomitee sal bestaan uit lede, tw. die sameroeper van die keurkomitee, die spanbestuurder, die afrigter en hulpafrigter asook addisionele lede. Die permanente verteenwoordiger by SARU-Skole het, ex officio, sitting op die Keurkomitee as waarnemer.
- 5.1.2 Vir die ampte van sameroeper van die Keurkomitee, keurder, spanbestuurder, afrigter en hulpafrigter, moet 2 jaarliks aansoek gedoen word.
- 5.1.3 Bekleërs van bogenoemde ampte is jaarliks outomaties benoem vir die ampte waaruit hulle tree.
- 5.1.4 Outomaties benoemde ampsdraers moet nie later nie as drie weke voor die Algemene Jaarvergadering die Sekretaris in kennis stel indien hul nie beskikbaar is vir herbenoeming nie.
- 5.1.5 Aansoekers vir bogenoemde ampte moet lede van hierdie Vereniging wees.
- 5.1.6 Die Uitvoerende Bestuur hanteer jaarliks alle aansoeke, voer onderhoude en beveel dan die ampsdraers vir bogenoemde ampte vir die volgende jaar by die Bestuur aan vir goedkeuring.
- 5.1.7 Slegs die sameroeper van die keurkomitee mag verklarings oor spelers se spel uitreik aan persone buite die keurkomitee indien nodig.

## 5.2 Spelers

- 5.2.1 Alle seuns (sonder uitsondering) wat in die betrokke jaar dertien jaar oud word of jonger is, mag oorweeg word vir verkiesing tot die Blou Bul Laerskole Provinsialespan.
- 5.2.2 Alle deelnemers aan proewe staan onder gesag van die Keurkomitee.
- 5.2.3 Alle verkose spanlede staan onder toesig en gesag van die Spanbestuurder en/of die afrigter.
- 5.2.4 Alle spanne word deur die Keurkomitee saamgestel tot en met die finalisering van die Cravenweekspan.
- 5.2.5 Spanne deur die Keurkomitee/Spanbestuur saamgestel, word vir elke wedstryd opnuut saamgestel.
- 5.2.6 Individuele spelers wat, na hulle gekies is, siektes, beserings of enige belemmerings opdoen wat, na die oordeel van die Spanbestuurder en afrigter nie meer geskik geag word vir 'n bepaalde wedstryd nie, mag deur hulle vervang word met 'n ander speler. Die sperdatum vir sulke spelers is die tweede laaste Woensdag voor die aanvang van die Cravenweek.

## 6. SEISOENKAARTJIES

- 6.1 Seisoenkaartjies word op gesag van die BBRU uitgereik. Skole sal slegs hulle kaartjies ontvang indien hulle affiliasiegelde ontvang is.

## 7. SKEIDSREGTERS

### 7.1 Skeidsregterskomitee

- 7.1.1 **Die Skeidsregterskomitee organiseer homself onder beheer van die BBLRV en onder bestuur van 'n dagbestuur wat sal bestaan uit:**

'n Dagbestuurslid

'n Voorsitter

n Sekretaris

Tesourier

Opleidings - en assesseringsbeampte

Die voorsitter en sekretaris word op die Algemene Jaarvergadering verkies

- 7.1.2 **Die Skeidsregterskomitee verrig die take wat deur die Bestuur aan hom opgedra word en wat normaalweg die volgende insluit, maar nie beperk is tot:**

- a) Opleiding van skeidsregters
- b) Gradering van skeidsregters (wat eksaminering insluit)
- c) Advisering van die Bestuur oor skeidsregtersake
- d) Ander take soos deur die Bestuur aan hom opgedra
- e) Aanstel van skeidsregter op geleenthede soos verwag

### 7.2 Gradering van skeidsregters

#### 7.2.1 **Evaluering van skeidsregters word op die volgende drie maniere gedoen**

- a) Die teoretiese toetsing van skeidsregters deur middel van 'n geskrewe eksamen wat elke jaar afgelê moet word
- b) Die praktiese evaluering van skeidsregters tydens 'n wedstryd, wat ten minste een keer elke drie jaar gedoen moet word
- c) Die fisiese toetsing van fiksheid volgens die voorgeskrewe norm vanaf SAPSRRRA\* verkry en jaarliks afgelê moet word

\*South African Primary Schools Rugby Referee Association

- 7.2.2 **Al drie bogenoemde punte word bekend gemaak en in berekening gebring. Die gewig wat elk van die punte dra, is soos volg:**

**Praktiese evaluering - 60%**

**Teorie eksamen - 25%**

**Fiksheid - 15%**

### 7.2.3 Hierna word skeidsregters in bepaalde kategorieë geplaas volgens die minimum vereistes waaraan hulle moet voldoen.

| Vlak      |          | Fiksheid |       |                                                   | Teorie           | Prakties          |
|-----------|----------|----------|-------|---------------------------------------------------|------------------|-------------------|
|           |          | Bleep    | Yo Yo | Cooper 12min<br>(Slegs Midstream met toestemming) | Nasionale teorie | Geldig vir 3 jaar |
| SA paneel |          | 12.2     | 18.1  | 2950m                                             | SAPSRRA          | Nasionale week    |
| Top 10    |          | 10.6     | 16.1  | 2700m                                             | 80%              | 0/13 > 80%        |
| Bloutrui  |          | 9.9      | 15.1  | 2400m                                             | 80%              | 0/13 > 75%        |
| Meriete   |          | 9.1      | 14.1  | 2000m                                             | 75%              | 0/13 > 70%        |
| Wit trui  | C-top    | 9.4      | 14.5  | 2200m                                             | 70%              | 0/13 > 60%        |
|           | C-middel | 9.4      | 14.5  | 2200m                                             | 65%              | 0/13 > 60%        |
|           | C-Bottom | 9.4      | 14.5  | 2000m                                             | 65%              | 0/13 > 60%        |
|           | D        | 9.1      | 14.1  | 1800m                                             | 60%              | 0/13 > 50%        |
|           | E        | 7.6      | 13    | 1600m                                             | 50%              | NVT               |

Indien skeidsregters aan een van die minimum vereistes van 'n paneel nie kan voldoen nie, sal hy op 'n laer paneel geplaas word.

### 7.2.4 Gradering van skeidsregters in Streek:

Van die Streekvoorsitters, word jaarliks verwag om, saam met hulle skole in hul streek, 'n lys saam te stel van skeidsregters wat tans op panele dien, skeidsregters wat potensiaal toon en wie hulle voel die volgende jaar per geleentheid gegradeer moet word.

Dit sal die proses vergemaklik om by skeidsregters uit te kom wat binne 'n jaar en dus moontlike kandidate vir beter panele is.

## 7.3 Aanstelling van Skeidsregters

### 7.3.1 Geen skeidsregter of lynregter mag 'n wedstryd hanteer indien hy nie 'n World Rugby Level 1 (Introducton to Officiating) or World Rugby Level 2 Officiating akkreditasie het nie. Almal moet BOKSMART akkreditasie ook hê.

### 7.3.2 Streke kies jaarliks of hulle onverbonde skeidsregters vir 0/13A wedstryde gaan aanstel.

### 7.3.3 Die volgende is die dalende ranglys van spanne, in volgorde: 0/13A; 0/11A; 0/10A; 0/9A; 0/13B; 0/11B; 0/10B; 0/9B; 0/13C; 0/13D

### 7.3.4 Wanneer twee skole teen mekaar speel stel die skole gesamentlik 'n ranglys van die skeidsregters van die betrokke skole op, gegrond op huidige bestaande gradering in dalende orde. Die wedstryde word dan toegeken ooreenkomstig die dalende ranglys van spanne. 'n Skeidsregter moet verkieslik nie die wedstryd hanteer van die span wat hy afrig nie. 'n Skeidsregter mag slegs as skeidsregter optree vir die span wat hy afrig indien daar géén ander skeidsregter beskikbaar is nie en wanneer beide die betrokke skole daartoe instem.

### 7.3.5 LW: Indien onverbonde skeidsregters by 0/13A-spanne gebruik word, sal die hoogsgegradeerde skeidsregter van die twee skole die 0/11A wedstryd hanteer. Die res van die indeling volg dan die dalende ranglys patroon. **a) Die hoogsgegradeerde skeidsregter tussen die twee skole wat die keuse moet uitoefen, moet voorrang geniet.**

**b) Indien beide skole slegs oor Blou trui en/of Wit trui skeidsregters beskik, kan so 'n skeidsregter die 0/13 A wedstryd hanteer indien beide skole daartoe instem. By gebrek aan so 'n ooreenkoms, word die Skeidsregter voorsitter gevra om 'n aanstelling te maak.**

**c) Indien 'n skeidsregter nie aan die laagste paneel se minimum vereistes voldoen nie, sal hy laaste op die rangorde tussen die skole geplaas word.**

## 7.4 Werkswyse

### 7.4.1 Eksaminering word onder leiding van die Skeidsregter bestuur gedoen, saam met die hulp van die Blou Bulle Laerskole bestuur.

### 7.4.2 Graderings word behartig soos in 7.2.4 uiteengesit.

### 7.4.3 Die Streekvoorsitters is verantwoordelik vir die plasing van skeidsregters tydens hulle Streek-proewe

### 7.4.4 Daar word van alle gegradeerde skeidsregters verwag om jaarliks die eksamen, fiksheidstoetse en opleidingsessies by te woon om hulle graderings in stand te hou.

### 7.4.5 Rugbydae, vriendskaplike wedstryde en ligawedstryde word gebruik om die graderings te doen.

**7.4.6** Dit is die skool se verantwoordelikheid om te sorg dat alle persone wat as skeidsregters wil optree prakties deur een van die laerskool unie se assessors geëvalueer word. Praktiese punte is vanaf 2021 vir twee jaar geldig.

**7.4.7** Assessors word deur die skool betaal: R400 per middag vir 5 wedstryde.

**7.4.8** Verskillende vlakke van wedstryde se praktiese punte sal soos volg in lyn gebring word:

|               |                                      |                    |
|---------------|--------------------------------------|--------------------|
| <b>Vlak 1</b> | <b>Onder 9A en 10B</b>               | <b>Punt × 60%</b>  |
| <b>Vlak 2</b> | <b>Onder 10A en 11B</b>              | <b>Punt × 70%</b>  |
| <b>Vlak 3</b> | <b>Onder 11A en 2de tot 4de span</b> | <b>Punt × 80%</b>  |
| <b>Vlak 4</b> | <b>Onder 13 A</b>                    | <b>Punt × 100%</b> |

**7.4.9** Aan die einde van elke seisoen stuur die graderingskomitee die Streke se graderings aan die Voorsitter van die Skeidsregterskomitee.  
Slegs die Skeidsregters-Dagbestuur word van eksaminering vrygestel en kan dus self nie 'n gradering bekom nie, maar wel behou.

## **7.5 Drag**

**7.5.1** Alle skeidsregters tree alleen in die goedgekeurde drag op.

**7.5.2** Top 10 skeidsregters het die keuse om 'n duidelik uitkenbare wit en ligblou OF 'n wit en rooi trui te dra ( na gelang van die betrokke spanne se kleure ) saam met die korrekte kouse ( Lees : Rooi by rooi en Donkerblou by blou ) en 'n donkerblou broek.

Die Blou trui paneel dra 'n Donker en ligblou trui, donkerblou broek en 'n paar donkerblou kouse met die ligblou omvou.

Die C, D en E panele dra die unie se wit trui, donkerblou broek en ligblou kouse.

Die versoek is dat skeidsregters wat optree sal probeer om oorwegend, swart rugby- of hokkieskoene te dra.

## **7.6 Grensregters**

Grensregters by alle wedstryde, veral by 0/13A en 0/11A wedstryde, behoort gekwalifiseerde skeidsregters te wees. Indien geen beskikbaar is nie, mag onderwysers die taak verrig. Slegs indien geen sulke persone beskikbaar is nie, mag ander persone die taak verrig (nooit kinders nie).

**NB: Sterk afkeur word uitgespreek teen die gewoonte om afrigters van spanne wat in die betrokke wedstryde speel, as grensregters aan te wys.**

Sulke grensregters toon nooit die nodige onpartydigheid nie en doen hulself en hul skole oneer aan.

## **7.7 Tugmaatreëls en vereistes:**

**7.7.1** Indien 'n Skeidsregter of Lynregter nie BOKSMART gesertifiseer is nie mag die wedstryd nie voortgaan nie mits dit deur 'n gekwalifiseerde skeidsregter hanteer word nie

**7.7.2** Alle skole moet verseker dat die wedstryde wat by hulle betrokke skole gespeel word hanteer word deur gekwalifiseerde Skeidsregters en lynregters.

**7.7.3** Sou n skeidsregter 'n wedstryd behartig waar hy nie BOKSMART gesertifiseer is nie word hy vir 3 wedstryde geskors en sal geskors bly tot en met hy sy sertifisering gedoen het.

**7.7.4** Sou 'n skeidsregter toelaat dat n lynregter betrokke is by n wedstryd waar die lynregter nie BOKSMART gesertifiseer is nie word die skeidsregter ook vir 3 wedstryde geskors.

## **7.8 Etiese optrede**

Lede word versoek om altyd eties korrek teenoor mekaar op te tree en hulle van kritiek en beledigings teen kollegas in die openbaar te weerhou.

**7.9** Hoewel dit nie aan te beveel is nie het 'n skeidsregter die reg (reël 5;7d en reël 6;9b) om 'n wedstryd te stop indien die optrede van toeskouers of afrigters langs die veld vir die spelers of vir die skeidsregter 'n bedreiging is. 'n Skeidsregter het, indien die optrede van toeskouers strydig met die gees van spel is, die reg om die wedstryd tydelik te stop, die betrokke skoolhoofde of afrigters byeen te roep om hulle ouers te kalmeer of te verwyder en dan weer die spel te laat voortgaan.

## **7.10 Funksies van Streekverteenwoordigers**

**7.10.1** Evaluering en gradering van skeidsregters in die Streek te doen.

**7.10.2** Opleiding en reëlbespreking in die Streek te doen.

## 8. AFRIGTERS

### 8.1 AFRIGTERSKOMITEE

- 8.1.1 Die Afrigterskomitee organiseer homself onder beheer van die BBLRV en bestaan uit 'n paneel as volg saamgestel

'n Dagbestuurslid

'n Voorsitter

'n Sekretaris

Die voorsitter en sekretaris word op Algemene Jaarvergadering verkies.

